# Les 12 KONINGSKINDERS: KONING FARAO MAAK DIE HERE SE KINDERS TE MOEG EN TE BANG OM DIE HERE TE WIL DIEN

## 1. Die Farao wil net alleen sê wat die Here se kinders moet doen

Die Farao dink hy is die Here, en die Here se kinders se baas. Almal moet net luister en doen wat hy sê. Die Here het niks te sê nie. Die Here moet net stilbly. Die Here se kinders het ook niks te sê nie. Hulle moet net stilbly en doen wat hý sê. Kom ons kyk hoe die Farao vir God en Sy kinders sê om stil te bly en te doen net wat hý sê:

*"Daarna het Moses en Aäron na die farao toe gegaan en gesê: "So sê die Here die God van Israel: Laat my volk gaan om tot my eer 'n fees in die woestyn te vier." [2] Maar die farao het geantwoord: "En wie is die Here nogal dat ek na Hom sal luister om Israel te laat gaan? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel nie laat gaan nie!" [3] Hulle sê toe: "Die God van die Hebreërs het Hom aan ons geopenbaar. Laat ons asseblief drie dagreise die woestyn in trek om 'n offer vir ons God, die Here, te bring, anders tref Hy ons dalk met die pes of die swaard." [4] Maar die koning van Egipte het vir hulle gesê: "Moses en Aäron, waarom hou julle die volk van hulle werk af weg? Gaan terug na julle werk toe! [5] Julle mense is alreeds te veel en nou wil julle hulle ook nog laat ophou werk!" [6] Dieselfde dag nog het die farao die slawedrywers van die volk en hulle opsigters beveel: [7] "Julle mag nie meer soos vroeër vir die volk strooi gee om bakstene mee te maak nie. Laat hulle self gaan strooi bymekaarmaak, [8] en julle moet van hulle dieselfde hoeveelheid stene as tevore bly eis. Julle mag niks verminder nie! Hulle is net lui, daarom hou hulle aan met neul: 'Ons wil vir ons God gaan offer.' [9] Die werk moet vir die manne so swaar wees en hulle so besig hou dat hulle nie hulle ore uitleen vir allerhande leuens nie." ...[10] Toe het die slawedrywers en die opsigters van die volk vir hulle gaan sê: "So sê die farao: Julle kry nie meer strooi nie. [11] Loop haal dit self waar julle dit ook al kan kry, maar aan die hoeveelheid werk word niks verminder nie ... [15] Die Israelitiese opsigters kom kla toe by die farao: "Waarom maak u so met u werksmense? [16] Daar word nie meer strooi aan ons verskaf nie, en tog bly die drywers vir ons sê: 'Maak bakstene!' Ons word mishandel, maar eintlik lê die fout by ú mense." [17] Toe sê die farao: "Julle is lui! Lui! Dit is dié dat julle bly sê: 'Ons wil vir die Here gaan offer.' [18] Loop! Gaan werk! Hulle sal nie meer vir julle strooi gee nie, maar julle kwota bakstene sal julle lewer." [19] Toe die farao vir die Israelitiese opsigters sê dat die daaglikse kwota bakstene nie verminder gaan word nie, het hulle besef watter ramp hulle getref het*." Exodus 4

## 2. Die Here is nie bang nie en bly nie stil nie

Dink julle die Here is bang vir die Farao? As 'n mens vir iemand bang is, dan bly jy maar stil en doen maar alles wat hy sê. Kyk wat doen die Here! Hy stuur vir Moses en Aäron om vir die Farao te vertel wat die Here sê. Hulle praat nie sommer met die Farao en vertel hom wat hulle dink nie. Hulle praat nie maar sommer net met die Farao en vra hom wat hulle graag wil hê nie. Hulle vertel die Farao wat het die Here gesê. Daarom begin hulle só met die Farao praat: "So sê die Here die God van Israel…" Hulle vertel die Farao wat het die Here gesê moet

hy doen. Hy moet Sy kinders uitlos dat hulle kan gaan kerkhou en die Here dien. Die Here is nie bang vir die Farao en vra hom mooi nie. Die Here is God en sê vir die koning wat hy moet doen.

**3. Die koning ken nie die Here nie en sê God het niks te sê nie**

Kyk hoe grootmeneer praat die koning oor die Here. Hy sê: *"En wie is die Here nogal dat ek na Hom sal luister om Israel te laat gaan? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel nie laat gaan nie!"*

Hy sê so groot en magtig vir God: "Wie verbeel jy jou is jy, dat ek na jóú moet luister?" Wat wys die Farao vir die Here met hierdie minagtende en uitdagende houding? Hy wys vir God dat hý eintlik die baas is. Die Farao het geglo dat hy al die mag en krag van God het en kan doen en sê net wat hy wil, en almal moet dan luister as hy praat. Alles moet altyd wees soos hy dit wil hê. Daarom daag hy die Here uit en sê: "Wie dink die Here is Hy dat Hy kan maak asof alles moet wees soos Hy dit wil hê?"

Daarom sê die Farao hy ken nie God nie. Dit beteken nie dat hy niks van die Here af weet nie. Dit beteken hy wíl nie die Here ken nie. Hy wil niks daarvan weet dat God vir hom wil vertel wat hy moet doen nie. Daarom sê hy met mag en selfvertroue: "Ek sal nie doen wat God sê nie. Ek sal nie die Israeliete laat kerk toe gaan en die Here dien nie."

Die Farao sê vir die Here: "Jy het niks hier in Egipte te sê nie. Hier in Egipte sê en maak ék net soos ék wil. Niemand anders nie!"

**4. Die koning maak die Here se kinders moeg en bang**

Moses en Aäron sê vir die Farao hy moet ontsag en respek hê vir God. God het gesê hulle moet kerkhou en Hom dien, en as 'n mens nie vir God ontsag en respek het nie, sal God jou straf. Kyk hoe sê hulle dit vir die Farao:

*" Hulle sê toe: "Die God van die Hebreërs het Hom aan ons geopenbaar. Laat ons asseblief drie dagreise die woestyn in trek om 'n offer vir ons God, die Here, te bring, anders tref Hy ons dalk met die pes of die swaard."*

Maar hierdie waarskuwing om respek te hê vir die Here, maak die Farao kwaad. Hy wil nie hê die Here se kinders moet respek hê vir Hom nie. As hulle respek het vir die Here, gaan hulle na Hóm luister. En dit is die laaste ding wat die Farao wil hê moet gebeur!

Daarom besluit hy om met die Here te baklei. Hy gaan nou vir hulle wys hulle moenie vir God respek hê nie – hulle moet vir hom, die Farao, bang wees. Daarom gee hy opdrag dat hulle werk swaarder gemaak moet word en dat hulle mishandel moet word by die werk. Hulle moet nog elke dag dieselfde getal stene

maak, maar nou moet hulle sélf die strooi waarmee die stene gemaak word, gaan soek en aandra. En terwyl hulle só sukkel, moet hulle toesighouers by die werk hulle met stokke slaan en steek.

Die Farao het besluit hy gaan hulle hulle doodmoeg laat werk en hulle stukkend slaan. Dan sal hulle só moeg en bang wees dat hulle nie meer wil kerkhou en die Here dien nie. Dan sal hulle vir hóm bang wees en nie meer vir God respek hê nie. Hoekom dink julle sal hulle nie meer respek vir God hê nie? Want hulle sal glo dat God niks kan doen nie, en maar stilbly omdat Hy óók bang vir die Farao is. Hulle sal maar na die sterkste koning moet luister, en die Farao wys nou hy is sterker en magtiger as God. As hy praat, moet God en almal stilbly, en doen wat hy sê.

**5. Die koning skree op hulle en sê hulle sleg**

Kan dit só werk dat jy mense wat vir jou werk, hulle dood laat werk en hulle stukkend slaan? Dink julle die werk sal kan aanhou as dit is hoe ’n werkgewer sy werksmense behandel? Sal boere kan aanhou om vrugte en groente te kweek, as hulle die werkers doodwerk en stukkend slaan? Sal fabrieke nog steeds kan karre, rekenaars, TV’s en klere bly maak as die mense wat daar werk, dood gewerk word en stukkend geslaan word?

Dit kan nie só aangaan nie. Alles sal gaan staan. Daarom kom die farao se opsigters en sê vir hom dat dit nie so kan aanhou nie:

*“Die Israelitiese opsigters kom kla toe by die farao: “Waarom maak u so met u werksmense? “*[16] *Daar word nie meer strooi aan ons verskaf nie, en tog bly die drywers vir ons sê: ‘Maak bakstene!’ Ons word mishandel, maar eintlik lê die fout by ú mense.”*

Hulle wys die Farao dat die fout nie nou by die mense is wat werk nie. Die fout is nou by die koning. Omdat hy met die Here wil baklei, gaan alles nou staan.

Wat doen die koning? Hy skree op hulle en sê hulle sleg. Kyk hoe doen hy dit:

*“Toe sê die farao: “Julle is lui! Lui! Dit is dié dat julle bly sê: ‘Ons wil vir die Here gaan offer.’* [18] *Loop! Gaan werk! Hulle sal nie meer vir julle strooi gee nie, maar julle kwota bakstene sal julle lewer.”*

Die Farao wil nie meer hê dit moet met sy land en mense goed gaan nie. Hy wil met God baklei. Hy wil wys dat God en Sy kinders moet stilbly as hy praat, en doen wat hy sê. Hy gee nie meer om hoe goed of sleg dit met sy land en sy mense gaan nie. Hy gee net om dat God en mense moet luister as hy praat.

As mense vir hom wys dit kan nie werk soos hy dit wil hê nie, dan sê hy hulle sleg. Die Israeliete wys vir hom dat hulle minder stene gaan maak as hy hulle moeg en dood werk. Hy gee nie om wat hulle vir hom wys nie. Alles moet net

wees soos hy dit wil hê, en soos hy sê dit moet gebeur. As dit nie so werk nie, skree en vloek hy op hulle.

**6. Dit is hoe elkeen maak wat glo hulle is God se baas**

Dink julle dit is net die Farao wat glo net hý kan sê hoe alles moet wees, en dan moet almal maar stilbly en sorg dat dit so werk soos hy sê?

Nee, dit is hoe álle goddelose mense is.

Pa’s en ma’s kan ook so wees. Pa kan dink as hy praat moet alles wees soos hy sê, maak nie saak of dit so kan werk of nie. En as die kinders en ma dit nie kan maak werk soos hy dit wil hê nie, dan skree en vloek hy op hulle en sê hulle sleg. Dan maak hy die kinders en ma bang en moeg met al sy gebakleiery. Dink julle sulke pa’s wil hê hulle kinders moet kerk toe gaan en die Here dien? Dink julle sulke pa’s sal luister as God vir hulle sê hulle moet goeie pa’s wees en hulle kinders kerk toe laat gaan?

Nee, hulle sal almal verskree en vloek, hulle sal almal bang en moeg maak met al hulle bakleiery sodat almal moet stilbly en net doen wat hulle sê – of dit nou kan werk soos hy sê of nie. Ma’s kan óók so maak. Kinders kan óók so maak.

Sulke pa’s en ma’s  – is goddeloos. Hulle wil God stilmaak en wys kinders moet banger wees vir húlle as vir God. Hulle wil wys dat dit niks help om vir God respek te hê nie. Hy kan nie keer as pa’s en ma’s kinders moeg en bang maak nie.

Dit is ook hoe mense kan maak vir wie julle pa’s en ma’s werk. Hulle glo hulle is God se baas en God moet stilbly. Alles moet by die werk gebeur net soos hulle dit wil hê, anders skree en vloek hulle, of werk hulle julle ouers stukkend en moeg.

Dit is ook hoe die leiers van die land en stadsrade werk. Hulle glo alles moet werk soos húlle dit wil hê, maak nie saak of dit so kán werk nie. En as dinge nie werk soos hulle dit wil hê nie, dan skree en vloek hulle op die mense van die land. Dan moet almal hulle doodwerk om te probeer om dinge te laat werk wat nie kán werk soos wat die leiers dit wil hê nie.

As jy vir sulke mense sê wat die Here sê, dan word hulle kwaad en sê hulle ken nie die Here nie, hulle sal nie luister wat die Here sê nie. Dan besluit hulle ook dat hulle nie meer omgee of die land reg regeer word en dinge reg loop nie. Dan maak hulle ook almal stukkend en seer om alles te laat werk net soos hulle dit wil hê, al kán dit nie so werk nie.

Hulle wil wys dat God en alle mense moet stilbly en dinge maak werk soos hulle dit wil hê, al kan dit nie so werk nie.

## 7. Opdrag

Gaan vra ’n bietjie vir Pa of Ma, Oupa of Ouma, of enige grootmens, hoekom is daar pa’s en ma’s wat nie wil hê hulle kinders moet kerk toe gaan nie en hulle weghou van die kerk, net soos die Farao die Israeliete wou keer om kerk te gaan hou!

Onthou die antwoord: want sulke pa’s en ma’s wil altyd alleen alles sê, en God en mense moet stilbly as hulle praat, anders skree hulle op almal en sê hulle sleg.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

__________________________________
Handtekening: ouer of voog